



Universiteit van Pretoria

**SEMITIESE TALE — VERLEDE, HEDE
EN TOEKOMS AAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA**

PROF J.H. POTGIETER

TUK 492
POTGIETER

SEMITIESE TALE — VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROF J.H. POTGIETER

Intreerede gelewer op 1 Junie 1989 by die aanvaarding van die
Professoraat en Hoofskap van die Departement Semitiese Tale,
aan die Universiteit van Pretoria



* 2295915 *

CURRICULUM VITAE

PROF. J.H. POTGIETER

Johan Hendrik Potgieter is op 13 Februarie 1952 te Rustenburg gebore. Hy matrikuleer in 1968 aan die Hoërskool Rodeon te Swaruggens waarna hy sy universiteitsopleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys begin en die BA-graad, met lof, in 1971 behaal.

In 1972 sit professor Potgieter sy studie aan die Universiteit van Pretoria voort en hy behaal in 1974 die grade BD en BA(Hons)(Semitiese Tale), beide met lof, die Proponentseksamen (met lof) in 1975, en in 1980 die MA-graad, andermaal met lof. Hy lê die doktorsale eksamen vir die DD-graad in 1981, weer eens met lof, af waarna hy die doktorsgraad in 1988 met die proefskrif getitel “ ’n Narratologiese ondersoek van die boek Jona” verwerf. Gedurende 1982 studeer professor Potgieter met behulp van verskeie beurse onder leiding van prof James Barr aan die Universiteit van Oxford, en in 1983 maak hy ’n opgrawingstoer na Israel onder leiding van prof W C van Wyk mee.

In 1975 word professor Potgieter as junior lektor in die departement Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy word in 1977 tot lektor en in 1981 tot senior lektor bevorder en sedert Julie 1984 tree hy as waarnemende departementshoof van hierdie departement op. Op 1 Desember 1988 word hy tot professor in en hoof van die departement Semitiese Tale bevorder. Professor Potgieter het ook verskeie jare op ’n deeltydse basis aan die Randse Afrikaanse Universiteit in Arabies klasgegee. Later help hy ook met doseerwerk in Ou Testament aan die Fakulteit Teologie, Afdeling B. Vanaf 1975 los hy in verskillende gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk af, en vir die afgelope twee jaar was hy deeltydse studentepredikant in die NG-gemeente Hartbeesspruit.

Vyf tydskrifartikels asook bydraes tot akademiese bundels is deur professor Potgieter gepubliseer.

Hy is lid van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika (OTWSA) en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Semististiek (SAVSEM). Sedert 1980 dien professor Potgieter op die bestuur van die OTWSA en vanaf 1980 tot 1986 op die redaksie van hierdie vakvereniging se tydskrif. Hy neem ’n leidende rol in die stigting van SAVSEM en dien ook op dié vakvereniging se bestuur. Die afgelope vyf jaar is hy een van die paneellede wat verantwoordelik is vir die eksaminering en nasien van Hebreeus Hoërgraad van die Transvaalse Onderwysdepartement se matrikulasiëksamen. Verder dien hy op die bestuursraad van die Sunnyside Kleuterskool en is professor Potgieter ook betrokke by verskillende kultuurorganisasies.

Professor Potgieter is in 1973 met Ann de Scally getroud en die egpaar het vier kinders.

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Potgieter te versoek om sy professorale intrede te lewer oor die onderwerp “Semitiese Tale — verlede, hede en toekoms aan die Universiteit van Pretoria”.

Prof D M Joubert
VICE-KANSELIER EN REKTOR

**DIE VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS VAN SEMITIESE TALE
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Prof J H Potgieter

1. INLEIDING

Meneer die Vise-Kanselier en Rektor, Professor Joubert, Meneer die Dekaan, Professor Van Wyk, Dames en Here,

Wanneer Juliet in Shakespeare se *Romeo and Juliet* sê: "What's in a name? That which we call a rose \ \ by any other name would smell as sweet" word geïmpliseer dat 'n spesifieke naam nie eintlik saak maak nie aangesien dit maar 'n toevallige beskrywing van 'n bepaalde saak sou wees. Niks sou egter verder van die waarheid af wees ten opsigte van die naam van hierdie vakgebied nie aangesien naamsverwringing, soos duidelik uit die volgende voorbeelde sal blyk, 'n sekere teken van onbegrip van die aard en wese van die vakgebied blyk te wees.

1) Só weerspieël die dikwels voorkomende benaming "Simmetriese Tale" 'n opvatting dat die grammatikale en sintaktiese onderdele van hierdie tale in herkenbare patroonmatige verhoudings tot mekaar staan. Meer nog, hierdie patroonmatighede moet so opvallend wees, dat dit nie alleen 'n mens se estetiese gevoelens aanspreek nie, maar dat dit ook dié kenmerk is wat hierdie tale van ander tale sal onderskei.

2) 'n Ander minder vleiende naam wat net so dikwels op adresse voorkom, naamlik "Semi-etiese Tale" impliseer weer dat óf die tale self óf hulle letterkundes met onkuise dinge besig sou wees en dus immoreel van aard is. Terwyl daar in die letterkundes wat ons bestudeer, net soos in enige ander wêreldletterkunde, ook luimige insidente beskryf word, is dit nie van so 'n aard dat die hele vakgebied daarom as slegs gedeeltelik eties beoordeel kan word nie.

3) Te oordeel aan die titel "Semitiese en ander vreemde Tale" hou ons ons besig met 'n vakgebied wat enersyds as vreemd of eienaardig beskou word en andersyds as só omvangryk dat dit ook tale soos Chinees en Japanees insluit. Aangesien die vakgebied inderdaad 'n groot genoeg studieveld het, is dit vanweë ons menslike beperkings onmoontlik om nog sulke groot vakgebiede soos Chinees en Japanees ook te bemeester. Hoewel ons met trots sal erken dat ons vakgebied buitengewoon is, maak ons egter ten sterkste beswaar daarteen dat ons ons met rare of snaakse dinge besig hou.

Uit hierdie algemeen-voorkomende voorbeelde is dit duidelik dat daar by baie mense, ook by diegene wat aan die Universiteit verbonde is, bepaalde misvattinge oor die naam in die besonder maar ook oor die wese en karakter van hierdie vakgebied bestaan.

Vanweë hierdie algemene miskonsepsies oor die naam, die aard en doel van die vakgebied Semitiese Tale is dit vanaand 'n unieke geleentheid om te besin oor wat die vakgebied behels maar ook oor die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van hierdie departement aan die Universiteit van Pretoria.

2. WAT WORD BEDOEL MET SEMITIESE TALE ?

Die naam "Semitiese Tale" is afgelei van Sem, die seun van Noag, wat volgens die sogenaamde volkeretafel in Genesis 10 die vader van van alle Semitiese volke sou wees. Alhoewel daar in Genesis 10 eerder 'n polities-geografiese as 'n familiële of taalkundige indeling gemaak word (Van Selms 1973:141), het die Duitser A L Schlözer in 1781 die adjektief "Semities" vir 'n groep verwante tale soos Aramees, Hebreeus en Arabies gebruik (Moscatti 1969:1). Terwyl Schlözer tereg as die skepper van die term "Semitiese Tale" bekend staan, was hy nie die eerste persoon om die ooreenkomste tussen hierdie groep tale op te merk nie. Dié eer kom Ibn Hazm toe wat reeds in die elfde eeu in Spanje op die gemeenskaplike herkoms van Siries, Hebreeus en Arabies gewys het (Bakalla 1984:4).

Vandag word hierdie benaming gebruik vir 'n familie van tale wat deel is van 'n groter groepering wat bekend staan as die Hamito-Semitiese groep van tale. Hooftaalgroepe soos Indo-Europees en Hamito-Semities vertak in verskillende families wat weer uit individuele tale saamgestel is. Só kan die Hamito-Semitiese (Afro-Asiatiese) groep in vyf taalfamilies verdeel word. Vier van die vyf naamlik Tjaad, Berber, Kusities en Oud-Egipties kom slegs in Afrika voor terwyl die vyfde familie, Semities, sowel in Afrika as in Asië gepraat word (Vycichl 1987:108). Hoewel hierdie vyf taalfamilies juis as gevolg van bepaalde ooreenkomste saam gegroepeer word, is die samebindende kragte binne die Semitiese familie soveel groter dat hulle met reg 'n eie studieveld vorm.

Die volgende uiteensetting van die Semitiese taalgroep sal 'n aanduiding van die aard en omvang van die studieveld gee:

a) Noordoos-Semities

Dit is die tale van die inwoners van Mesopotamië. Hierdie groep sluit die volgende tale in:

* *Ou Akkadies* (\pm 2500-200 vC).

- * *Assiries* in al sy stadiums (\pm 2000-612 vC).
- * *Babilonies* in al sy stadiums (\pm 2000 vC tot die begin van die Christelike era).

b) **Noordwes-Semities**

Dit is hoofsaaklik die tale van die inwoners van Aram, Sirië en Kanaän. Drie groepe kan hier onderskei word. Die oudste groep tale met verskillende dialekte het vanaf ongeveer 2000-1200 vC in die gebied voorgekom. Vanaf 1200 vC vertak die Noordwes-Semitiese groep in twee duidelik onderskeibare strome, naamlik die Kanaänitiese en die Aramese groep van tale. Hierdie drie groepe sluit dan die volgende tale in:

- * *Die oudste groep* sluit in:
 - Amorities (\pm 2000 vC).
 - Ugarities (\pm 1450-1200 vC).
- * *Die Kanaänitiese groep* sluit in:
 - Hebreeus (vanaf \pm 1200 vC).
 - Fenisië (die tiende tot die eerste eeu vC).
 - Moabities (ongeveer 850 vC).
 - Punies (die negende eeu vC tot die tweede eeu nC).
- * *Die Aramese groep* sluit 'n groot aantal dialekte in:
 - Oud-Aramees (\pm 925-700 vC). Dit word verteenwoordig deur inskripsies wat op klip en ander materiaal geskryf is.
 - Ryksaramees (\pm 700-200 vC). In hierdie tyd was Aramees as *lingua franca* van die Persiese Ryk oor 'n wye gebied versprei. 'n Groot literatuurkorpus, waaronder ook die Aramese gedeeltes in die Ou Testament, dateer uit hierdie fase.
 - Middel-Aramees (\pm 200 vC - 200 nC). Hier word onderskei tussen die dialekte van Palestina en Arabië (Nabatees, die Aramees van Qumran, Aramese woorde in die werke van Josefus en die Nuwe Testament) en dié van Sirië en Mesopotamië (Palmireens en die vroeë geskrifte uit Edessa en Hatra).
 - Laat-Aramees (\pm 200-700 nC). 'n Duidelike onderskeid word getref tussen Wes-Aramees (Joods-Palestynse Aramees, Samaritaanse Aramees, Christelik-Palestynse Aramees) en Oos-Aramees (Siries, Babilonies-Talmoediese Aramees, Mandeë).

c) Suidwes-Semities

Onder hierdie groep word, naas enkele kleiner dialekte, hoofsaaklik *klassieke Arabies* (ook bekend as Noord-Arabies) gereken. Dit is die taal wat in die Noordweste van die Arabiese skiereiland gebruik is. Die Koran is in dié taal geskryf. Vanweë die verowering van Islam het dit die *lingua franca* van die Midde-Ooste geword. Dit is tans die Semitiese taal met die meeste sprekers.

d) Suidoos-Semities

Onder hierdie groep word twee dialekte gereken wat verwant is aan Arabies en in die suidooste van die Arabiese skiereiland en in Ethiopië voorgekom het.

* *Ou/epigrafiese Suid-Arabies*

* *Etiopies*

Terwyl Bybelse of Klassieke Hebreeus die hoofklem binne die departement ontvang, word die belangrikste tale uit elkeen van hierdie vier hoofgroepe ook gedoseer. Dit beteken dat Akkadies, Ugarities, Aramees, Siries en Arabies op 'n vaste basis in die leerplanne van studente op sowel voorgraadse as nagraadse vlak ingesluit word. Aangesien die meeste van hierdie tale vandag nie meer in gesproke vorm voorkom nie, word daar op die skriftelike nalatenskap, dit wil sê op die tekste, gekonsentreer. Hiermee saam word ook die kulture wat deur hierdie tale verteenwoordig word en wat sake soos die geskiedenis, godsdiens en samelewingsinstellings insluit, ook bestudeer.

Dit, Dames en Here, hoop ek verduidelik die naam, die aard en omvang van die vakgebied Semitiese Tale. Aangesien elke vakgebied 'n bepaalde ontwikkeling ondergaan het en dit ook deel van my tema vorm om die verlede van my vakgebied aan die Universiteit van Pretoria na te vors, is dit die volgende doelwit.

3. VERLEDE

Wanneer 'n mens op die spoor van hierdie departement terugloop, is daar twee dinge wat jou opval. Die eerste is dat, hoe onwaarskynlik dit mag klink, een van die eerste vier professore wat met die ontstaan van die Transvaal University College in 1908 aangestel is, ook Hebreeus as leeropdrag gehad het. Daar is dus sedert die

ontstaan van hierdie inrigting voorsiening vir Hebreeus as vak gemaak - 'n prestasie waarop min ander vakgebiede kan aanspraak maak. 'n Tweede kenmerk van hierdie tydperk van een en tagtig jaar is dat daar slegs vier voormalige hoofde aan die leiding van die departement gestaan het. Elkeen van hulle het dan ook 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling en uitbou van die vakgebied gelewer.

Professor A.C. Paterson, wat vanaf 1908-1923 vir die dosering van Hebreeus verantwoordelik was, kan tereg as die grondlegger van hierdie dissipline aan die Universiteit van Pretoria beskou word. Hierdie veelsydige Skot met meestergrade van die Universiteite van Edinburg en Oxford was aanvanklik vir die dosering van Latyn, Filosofie, Hebrëeus en later ook vir Ou Testament verantwoordelik. Alhoewel daar onsekerheid bestaan of daar enige studente was wat Hebreeus voor die stigting van die Nederduitsche Hervormde Kerk se Teologiese Fakulteit in 1917 geneem het, het Paterson beslis "Hebrew" of "Biblical Hebrew" tussen 1917 en 1923 gedoseer. Trouens, toe sy lesinglas vanweë administratiewe verpligtinge, eers as registrateur en later as rektor, verminder moes word, het hy verkies om Hebreeus te gee. Behalwe dat hy die jongste seun uit 'n Skotse pastoriegesin was en 'n broer gehad het wat 'n professor in Old Testament and Semitic Languages aan die Universiteit van Edinburg was, is dit onbekend watter Hebreeuse kwalifikasies hy gehad het. Miskien het dit, volgens die gebruik in Europa gedurende die vorige eeu en vir die eerste deel van hierdie eeu, deel van sy algemeen klassieke opvoeding uitgemaak. Hoe dit ookal sy, Paterson was die man wat een van die hoofkomponente van hierdie studieveld, naamlik Hebreeus, aan ons universiteit sy beslag gegee het (Rautenbach 1960:29-30; 111; 113 en 118).

Nadat Professor Paterson na Nieu-Seeland vertrek het, is sy verpligtinge deur prof. S.P. Engelbrecht gedurende 1924 en 1925 waargeneem.

Met die aanstelling van prof. B. Gemser in 1926 het Semitiese Tale as vakgebied, soos wat dit in Europa beoefen is en soos wat ons dit vandag ken, eers werklik sy beslag aan ons Universiteit maar ook in Suid Afrika gekry. Danksy die finansiële bydrae van die Joodse gemeenskap in Pretoria, onder leiding van Rabbi Hirsch, is die instelling van 'n aparte leerstoel in Semitiese tale moontlik gemaak. Gemser wat in Akkadies onder leiding van die bekende Böhl gepromoveer het, was ook die professor in Ou Testament. Alhoewel die doseerlas van tot 22 lesings per week baie swaar op hom gerus het, het hy die twee vakgebiede as gevolg van die tradisie waaruit hy gekom het met gemak hanteer. Voordat sy lesinglas op 'n permanente basis verlig is, het Ds. P.F.D. Weiss, wat later die eerste hoogleraar in Semitiese Tale aan Stellenbosch sou word en Ds. E.S. Mulder, wat Gemser se opvolger in Ou

Testament sou word, in tydelike hoedanigheid gehelp. Professor Gemser met sy sagte stem en fyn akademiese gees het nie alleen sy stempel op studente afgedruk nie maar ook 'n tradisie, soortgelyk aan dié in Nederland in die vakgebied gevestig met die wyse waarop hy historiese en literêre metodes in sy wetenskapsbeoefening gebruik het (Van Selms 1968:1-11).

Professor Adrianus van Selms het die hoofskap van die departement in 1948 by Gemser oorgeneem nadat hy reeds sedert 1938 as senior lektor binne die departement werksaam was. Hy het 'n soortgelyke skoling as Gemser in Nederland gehad en hoewel hy by Utrecht gestudeer het, het hy ook vir Böhl as leermeester in die Semitica gehad. Nieteenstaande die feit dat Van Selms in Godsdienwetenskap gepromoveer het, kan daar as gevolg van die Nederlandse tradisie waar Teologie en Semitica as verwante en dikwels ook oorvleuelende dissiplines bestaan, geen twyfel oor sy meesterskap van die vakgebied wees nie. Inteendeel, dit was Van Selms, met sy groot belesenheid en sy kreatiewe denke, wat hierdie departement internasionaal bekend gemaak het deur die stroom van publikasies wat orals verskyn het. Net soos Gemser het hy sowel op kerklike as akademiese terrein sy invloed laat geld. Op die akademiese vlak het sy voorbeeld en charisma verskeie jong Afrikaners gestimuleer en geïnspireer om hulle in hierdie vakgebied te bekwaam. Trouens, onder sy bekwame leiding is 'n hele geslag van Ou Testamentici en Semitici gevorm wat self later hoofde van departemente aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite geword het. Sommige van Van Selms se metodes word vandag wel bevraagteken, maar oor sy kritiese denkvermoë en oor die invloed wat hy op die Semitiese Tale gehad het en vandag nog deur sy oud-studente het, kan daar geen twyfel bestaan nie (Van Wyk 1985:171-173).

Toe Professor W.C. van Wyk in Julie 1971 die hoofskap by Van Selms oorneem, het hy inderdaad 'n beroemde erfenis gekry, maar ook 'n erfenis wat nie sonder probleme was nie. Probleme soos 'n baie lae slaagsyfer en toenemende studentegetalle het nuwe eise gestel waarvoor oplossings gevind moes word. Met sy menslikheid het hy 'n korrektief gebring op die indruk van ontoeganklikheid wat sy voorganger by die gemiddelde student geskep het. Verder het hy deur die klem op die onderrigsituasie te plaas en aanpassings in die leerplanne aan te bring, die vakgebied meer toeganklik vir die gemiddelde student gemaak. As gevolg van sy onderhandelings met die Teologiese Fakulteite is die honneurskursus só aangepas dat dit oor twee jaar sou strek en kon dus gelyktydig met die BD-studie afgehandel word. Daardeur het sowel die kerk as die departement van Semitiese Tale gebaat, want enersyds het die kerk só beter toegeruste studente gekry en andersyds het moontlike nagraadse studente in die Semitica behoue gebly. Heelwat nagraadse

studente is deur sy pastorale ingesteldheid en goeie menseverhoudings getrek. Die veranderde situasie het 'n uitbreiding van personeel genoodsaak met die gevolg dat Prof. Van Wyk 'n departement met vyf voltydse personeellede en twee tydelike poste aan sy opvolger kon oorgee.

Onder die leiding van hierdie vier professore en verskeie ander dosente wat hulle behulpsaam was, is vanaf 1908-1983 nie alleen 'n uitmuntende akademiese tradisie in die Semitiese aan die Universiteit van Pretoria gevestig nie, maar daar is ook bewys gelewer dat enige nuwe probleem-situasies wat mag ontstaan met vindingryke oplossings aangepak word.

3. HEDE

Daarmee, Dames en Here, is ons midde in die hede. Ons het 'n wonderlike erfing gekry, maar wat gaan ons daarmee doen? Voordat hierdie vraag beantwoord kan word, moet daar eers 'n waardebeoordeling gemaak word van die positiewe sowel as die negatiewe faktore wat die huidige beoefening van hierdie wetenskap aan ons universiteit mag beïnvloed.

As ons met die negatiewe mag begin, is daar eerstens die negatiewe houding teenoor die Geesteswetenskappe in die geheel maar ook teen die Ou Tale in die besonder. Hierdie negatiewe spruit onder andere uit die behoefte wat 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika aan tegnisi en natuurwetenskaplikes het - en daarteen het ons geen beswaar nie mits die werwing op 'n gebalanseerde wyse geskied. Waarteen ons wel beswaar het, is die funksionalistiese en materialistiese kriteria waarmee die Geesteswetenskappe beoordeel word. Indien 'n bepaalde vakgebied nie 'n konkrete aantoonbare korttermyn nuttigheids waarde het nie, of indien die waarde daarvan nie in terme van rand en sent uitgedruk kan word nie, dan is dit oorbodig en moet dit afgeskaf word. Ons is nie só idealisties dat ons die tydperk wil herleef toe hierdie tale 'n *sine qua non* in die opvoeding van welopgevoede en beskaafde mense was nie. Ons stem saam dat daar tye was waarin té veel studente hierdie vakrigtings geneem het - dikwels om die verkeerde redes - , maar dit is geen rede waarom ons van ons regmatige plek ontnem behoort te word nie. 'n Tweede negatiewe aspek wat die bestaan van Semitiese Tale direk raak, is die instelling van die geïntegreerde kursus van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat dit aanvanklik onmoontlik vir studente gemaak het om een van die Ou Tale op derdejaarsvlak te neem. Aangesien dit nadelige gevolge vir die toekoms van die Kerk kon hê, is die saak gelukkig, danksy samesprekings en 'n goeie gesindheid vanaf die kant van die Teologiese Fakulteit, in 'n mate reggestel. Dit plaas egter

steeds 'n beperking op die aantal studente wat Hebreeus as hoofvak kan neem en dus met nagraadse studie kan aangaan. Semitiese departemente aan ander Universiteite word egter nog nadeliger deur die reëling getref. 'n Derde faktor wat die aanbieding van Semitiese Tale negatief beïnvloed, is die verwagte afname in studentegetalle as gevolg van die ooraanbod van predikante in sowel die Nederduits Gereformeerde as die Nederduitsch Hervormde Kerk. Onsekerheid oor studentegetalle en veral die gebrek aan bepaalde doelwitte ten opsigte van die aantal voorsiene predikantsposte, bemoeilik ook ons eie toekomsbeplanning.

Gelukkig is daar ook positiewe aspekte wat die voortbestaan van hierdie departement tans bevoordeel. Die eerste van hierdie aspekte is wat ek graag die "simbiose met Teologie" wil noem. Uit die voorafgaande het dit geblyk dat Semitiese Tale tradisioneel nie alleen aanvullend tot verskeie teologiese dissiplines soos Ou en Nuwe Testament en Godsdienwetenskap bestaan het nie, maar dikwels deur noodsaaklike eie aksente 'n selfstandige bydrae tot die vorming van teologiese studente gelewer het. Hierdie unieke bydrae, wat later verder toegelig sal word, word deur die Nederduitsch Hervormde Kerk so hoog aangeslaan, dat van hulle studente verwag word om sowel Grieks as Hebreeus op derdejaarsvlak te neem. Vanweë die goeie samewerking op persoonlike en wetenskaplike vlak, word voorsien dat hierdie simbiose tot die welwese van albei terreine sal voortduur. 'n Tweede positiewe aspek is die bydrae van hierdie vakgebied tot die kommunikatiewe vermoëns van mense wat dit as lewenstaak gaan hê om godsdienstige waarhede aan ander mense te kommunikeer. Deur hulle te skool in die dissipline van die kommunikasieproses word hulle toegerus om op 'n gestruktureerde en verstaanbare wyse taal, wat niks anders as 'n kommunikasiemedium is nie, so te gebruik dat effektiewe kommunikasie kan plaasvind. Die derde positiewe bydrae van hierdie vakgebied lê op die terrein van die geestelike vorming van die mens. Baie dinge wat ons lewe verryk en waarsonder ons nie kan funksioneer nie, het sy ontstaan in die Semitiese wêreld gehad. Anders as wat algemeen aanvaar word, is die alfabet nie 'n Griekse maaksel nie, maar het dit in Palestina ontstaan en het dit die Griekse wêreld waarskynlik deur Semitiese handelaars bereik. Verder durf ons nie vergeet dat die drie monoteïstiese godsdienste, naamlik die Judaïsme, die Christendom en die Islam, hulle ontstaan in die leefwêreld van die Semiete gehad het nie. Ingewikkelde verhoudings in die Midde-Ooste is dikwels die gevolg van eeuelange historiese ontwikkelings. Sonder hierdie agtergrondskennis is dit onmoontlik om hedendaagse omstandighede te verstaan en te interpreteer. Insig in die tale en kulture van volke uit hierdie gebied stel ons in staat om gemeenskappe in ons eie land nie alleen beter te verstaan nie, maar ook om positiewe verhoudings aan te knoop.'n Laaste maar tog baie

belangrike bate wat die funksionering van hierdie studieveld moontlik maak, is 'n besondere, ek kan byna sê 'n met die hand uitgesoekte, personeelkorps. In die verlede was daar besondere begaafde mense met unieke vermoëns aan hierdie departement verbonde, maar nou is ons in die gelukkige posisie dat ons 'n span vorm waarvan die gesamentlike vermoëns individuele tekortkominge uitkanselleer. Die toename van kennis binne die vakgebied soos die ontdekking van nuwe tale en dialekte (byvoorbeeld Ugarities en Eblaïeties) asook manuskripvondste soos by Khirbet Qumran maak 'n ensiklopediese kennis soos wat van my voorgangers gehad het, 'n onmoontlike saak. Daarom lê die oplossing in spesialisasie binne spanverband en kan die toekoms van dié vakgebied aan die Universiteit van Pretoria gebou word op die gesamentlike en individuele kennis, die lojaliteit en toewyding van hierdie span.

4. TOEKOMS

Die vraag kan nou met reg gevra word of daar 'n toekoms vir Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria in die besonder maar ook in Suid-Afrika in die algemeen is? Kan hierdie vakgebied wat volgens populêre mening hom met dooie tale en hulle stowwerige geskifte besighou, enige positiewe bydrae tot die gemeenskap lewer? Ek kan sonder enige huiwering op beide vrae bevestigend antwoord en dit ook bewys deur die volgende doelwitte vir die toekoms te stel.

1) Ons wil graag skyfiereekse saamstel om die wêreld van die Bybel vir die breë kerklike publiek meer toeganklik te maak. Dit kan ook aangevul word deur populêre geskifte waarin belangwekkende gegewens uit die vakliteratuur vir die breë publiek toeganklik gemaak kan word.

2) 'n Tweede doelwit is om by opfrissingskursusse vir Predikante betrokke te raak deur hulle verroeste Hebreuse kennis só by te bring dat hulle nuwere eksegetiese tegnieke kan gebruik. Aangesien dit 'n algemene klag is dat predikante in die praktyk nie die tyd het om volledige ontledings van die Hebreuse teks as voorbereiding vir die prediking te maak nie, wil ons graag in dié behoefte voorsien. Dit wil ons doen deur basiese teksontledings beskikbaar te stel sodat die predikant met hierdie voorarbeid as gids verantwoordbare beslissings oor 'n bepaalde teksgedeelte kan maak.

3) Dertens beoog ons om in samewerking met die vakvereniging SAVSEM tersaaklike vakliteratuur in Afrikaans daar te stel. Enersyds behoort studente daardeur te baat aangesien oorsese handboeke nie alleen onbetaalbaar duur geword het nie, maar in baie gevalle ook onbekombaar is. Andersyds rus daar op ons 'n verpligting om Afrikaans te bevorder deur ons vakwetenskaplike kennis ook in ons moedertaal te publiseer.

4) Die laaste doelwit is gerig op die rigting waarin ons met die aanbieding van ons vak wil beweeg en dit is om 'n basiese tekskompetensie of teksvaardigheid by ons studente te kweek. Om hierdie doelwit te bereik volg ons 'n tweestroombeleid. Enersyds is dit daarop gerig om die meerderheid studente, wat Hebreeus slegs tot op tweedejaarsvlak neem, met 'n basiese taalvaardigheid toe te rus sodat hulle die Hebreeuse teks van die Ou Testament op 'n verantwoordelike wyse kan hanteer. Andersyds is hierdie beleid daarop afgestem om die teksvaardigheid oor die breër Semitiese spektrum by studente aan te kweek wat met Hebreeus as hoofvak en op nagraadse vlak voortgaan. Dit bring mee dat ons onderrigbeleid nie daarop ingestel is om **Junggrammatiker** op te lei nie, of selfs om studente binne twee jaar Hebreeus te leer nie, maar dat ons vaardighede by hulle wil kweek sodat hulle selfstandige beslissings oor 'n bepaalde teks kan maak (Fensham 1973:3-11). Om hierdie doelwit te bereik, verdiskonteer ons binne ons vakgebied insigte van die sowel die taalwetenskap as die literatuurwetenskap. Hoewel ons bewus is van die gevaar van eensydigheid, is die perspektiewe wat die literatuurwetenskap by die lees van tekste bied, veral van belang vir die aankweek van 'n tekskompetensie.

Die unieke bydrae van ons departement, soos dit ook uit ons lang tradisie geblyk het, lê in die literêre benadering tot tekste. Ons literêre analise van tekste behels 'n ontleding van die verskillende boustene waaruit 'n teks bestaan. Hierdie boustene sluit die morfologiese, sintaktiese, strukturele en semantiese vlak in. Op al hierdie vlakke is bepaalde konvensies met spesifieke kommunikatiewe funksies ter sprake. Voordat 'n teks geïnterpreteer kan word, moet hierdie konvensies geïdentifiseer, geanaliseer en die funksie daarvan vasgestel word.

Ek wil graag aan die hand van 'n baie bekende poëtiese teks, naamlik Psalm 23, die benadering wat ons volg, illustreer. Die insigte wat hieruit spruit, raak nie alleen die eksegetiese proses en die boodskap van die teks nie, maar dit het ook bepaalde implikasies vir die vertaling van Bybelse poëtiese tekste.

Volgens Lotman (1972:81-91) is daar twee tipes relasies wat 'n leser se rekonstruksie van die boodskap van 'n poësieteks beïnvloed. Die eerste stel relasies is die *ekstratekstuele* relasies wat a) *literêr* of b) *nie-literêr* kan wees. Met *literêre* of *intertekstuele* relasies word verwys na die verbande wat die bepaalde teks met ander tekste van dieselfde genre of met ander tekste van dieselfde digter het. In die *nie-literêre* relasies gaan dit om biografiese gegewens van die digter of die werklikheid waarna die teks verwys. In die verlede is daar veral op hierdie ekstratekstuele relasies gekonsentreer om by die boodskap van 'n bepaalde Ou-Testamentiese psalm uit te kom. So het die psalmuitleg van veral die **Vormkritici** daaruit bestaan

dat die betrokke psalm onder een van die kategorieë (dankpsalm of klaagpsalm) geklassifiseer word en dit daarna ooreenkomstig die bepaalde kategorie of die vermeende *lewensituasie* uit te lê (Kraus 1972:188). In die meer **fundamentalistiese** kringe is die aanduidings van outeurskap en/of historiese aanwysings in die opskrifte dikwels as uitgangspunt vir die verklaring van die psalm gebruik.

Vanaand wil ek graag die klem op die tweede tipe relasie naamlik die **intratekstuele** relasies, daardie netwerk van verbande wat tussen die verskillende onderdele van die gedig bestaan, laat val. Die analise van hierdie intratekstuele relasies van 'n gedig soos Psalm 23, impliseer natuurlik die kundigheid en vermoë van 'n leser om poëtiese taalgebruik te herken en te interpreteer. Elkeen wat al 'n gedig, en dan veral hierdie psalm gelees het, weet dat die taalgebruik van poësie "anders" as gewone taalgebruik is. Hierdie "andersheid" word op twee maniere bereik (Gräbe 1984b:138).

1) Aan die een kant word daar doelbewus afgewyk van die grammatikale reëls van die taal wat normaalweg sou geld. Dié ongrammatikaliteit is herkenbaar aan ongewone woordorde binne 'n sin of weglatings van sekere woorde wat veronderstel word. Ongrammatikaliteit kom veral ook by metaforiese of nie-letterlike taalgebruik voor wanneer deur die gebruik van 'n metafoor semantiese oorskryding plaasvind (Gräbe 1984b:140-141). Dit beteken dat die uitdrukking as geheel iets anders sê as dit wat die individuele woorde van die metaforiese konstruksie tot die betekenis kan bydra. Twee basiese metaforiese konstruksies kom algemeen voor. 'n Voorbeeld van die eerste tipe wat die *tenor-vehicle*-konstruksie genoem word, is die uitdrukking "die Here is my herder" waar die eerste naamwoord die *tenor* en die tweede naamwoord die *vehicle* genoem word. Tipies van hierdie soort metafoor is dat die tweede selfstandige naamwoord (herder), wat na die werkwoord "is" voorkom, die eerste naamwoord (Here) nader spesifiseer. Sekere eienskappe wat tiperend van 'n herder is, word dus op die Here oorgedra. Daarmee word 'n logies-valse verbinding tussen die *tenor* en die *vehicle* geskep aangesien die Here nie werklik 'n herder kan wees nie. Herders is immers mense wat skape oppas en behalwe dat die Here nie 'n mens is nie, pas Hy ook nie skape op nie. Die tweede tipe metafoor wat gerieflikheidshalwe die *fokus-raamwerk* metaforiese konstruksie genoem word, kom in die uitdrukking "u stok en u staf stel my gerus" voor. In hierdie geval word die raamwerk "u stok en u staf" deur die fokusekspressie "stel my gerus" nader omskryf. Daar bestaan egter 'n semantiese teenstrydigheid tussen die raamwerk en die fokusekspressie aangesien "stok en staf" lewelose dinge is wat nie in staat is om die menslike eienskap van gerusstelling uit te voer nie. Metaforiese konstruksies kan in 'n hiërargiese verhouding binne gedigte voorkom sodat een metafoor globaal of in die geheel geldig is, terwyl ander meer lokaal gebonde is en in diens van die globale metafoor staan.

2) Die tweede manier waarop digterlike taal ongewoon is, is geleë in oormatige reëlmatigheid of ekstra patroonvorming. Hiermee word sintaktiese herhalingsvorme, soos *parallelismes*, klankmatige herhalingspatrone, soos *alliterasie* en *assonansie*, en ritmiese herhalingspatrone bedoel.

Voor u, dames en here, sien u nou 'n analise van Psalm 23 wat op grond van die intratekstuele relasies gemaak is. In die Afrikaanse vertaling is getrag om die Hebreëuse konstruksies so getrou as moontlik na te volg sodat digterlike taalgebruik enersyds geïllustreer kan word en andersyds dat die funksies daarvan ook aangetoon kan word.

Hebreëuse analise.



Afrikaanse vertaling.

I	A	1	2	<u>Die Here is my herder.</u>	1	a	X		
			2	Ek kom niks kort nie.		b			
		2	3	<u>In weivelde van groenigheid laat</u>		2		a	
				Hy my neerlê.		b			
		3	<u>Na waters van rustigheid lei Hy</u>						
			my heen.						
	B	3	2	Hy bring my altyd terug.		3		a	Y
			3	Hy lei my <u>in die spore van</u>				b	
				<u>geregtigheid,</u>				c	
			2	ter wille van sy naam.					
4		4	Selfs al gaan ek <u>deur 'n dal van</u>	4	a		X		
			<u>donker dieptes,</u>		b				
		2	sal ek geen onheil vrees nie,		c				
		2	want U is met my,		d				
4	<u>U stok en u staf, hulle stel my</u>								
	<u>gerus.</u>								
II	C	5	3	U berei vir my 'n tafel voor	5	a		Y	
			2	teenoor my teenstanders.		b			
		6	3	U salf met olie my kop;		c			
			2	my beker is tot oorlopens toe vol.		d			
	D	7	4	<u>Net goedheid en liefde sal my</u>		6	a		Y
				<u>volg</u>			b		
		2	<u>al die dae van my lewe.</u>	c					
		8	3	En ek sal terugkeer na die huis			d		
			van die Here						
		2	<u>tot in lengte van dae.</u>						

Vervolgens wil ek aan u die verskillende nommers en simbole op die analise verduidelik. In die heel linkerkantse kolom is die Romeinse syfers I en II wat die stansas of hoofonderafdelings van die gedig aandui. Dit word gevolg deur die letters A,B, C en D om die strofes wat onderafdelings van die stansas vorm, aan te wys. Elke strofe bestaan weer uit verskillende versreëls wat deur die nommers 1,2,3 verteenwoordig word. Die laaste reeks nommers links van die Afrikaanse teks dui die metrum van elke versbeen aan. Regs van die Afrikaanse vertaling staan die versnommers soos dit in die Hebreeuse teks voorkom, terwyl die individuele

